MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

23 Julie 2021

OB 21-2021: Heropening van skool op 26 Julie 2021

Beste Ouers

Die skool heropen op Maandag 26 Julie om 08h00 vir al die leerders.

Ek verwelkom u terug na die skoolvakansie en vertrou ons leerders het lekker gerus en laat geslaap. Baie sterkte aan personeel en leerders vir die komende kwartaal.

Die doel van hierdie brief is om die volgende uit te lig:

- Die hekke open op 26 Julie om 07h30, sodat 'screening' kan plaasvind voor die klok om 08h00 lui.
- Winterskooltye word gevolg soos in die huiswerkboekie uiteengesit. (Vanaf dag 1 se uitkomtye.)
- Tans is daar geen sportoefening nie weens die inperkingsmaatreëls.
- Rapporte word op Vrydag 30 Julie uitgestuur, tesame met 'n kwartaalverslag van kwartaal 2.

Geniet u naweek.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 2080